**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: van der Wes.)

STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

# DIE MATIE

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL I, No. 11 — VRYDAG, 10 OKTOBER 1941. — PRYS 1d.

## GROOT REDDINGSDAADFEES

## Besoekers Stroom Hierheen

### Skitterend Program

**Van alle dele van ons land het besoekers gestroom na die Reddingsdaadfeesviering in die afgelope vakansie. Motors van al die omliggende plekke, asook van meer verafgeleë plekke soos George, Calvinia en selfs van Suid-Wes, is in die strate opgemerk.**

**Meer as 500 mense het ingeskrywe vir die kursus in volkspele.**

Die ongekende vakansie-bedrywighede het op Maandag die 29e Sept. 'n aanvang geneem toe die besoekers o.a. Dagbreek en ander belangrike geboue besoek het. Die aand het die offisiële opening plaasgevind in die stadsaal waar dr. Diederichs, Hoofleier van die R.D.B. die openingsrede gehou het.

Vir twee uur elke oggend het die kursus gangers onderrig ontvang en die volkspel en volksang beoefen onder leiding van dr. G. G. Cillie, jnr., mej. Hester Morrison en mnr. W. van Huyssteen. Na die teepouse is kort vertonings gegee op Coetzenburg. So was daar vertonings deur die Noodhulpliga, die Voortrekkers en Koos Meyer ,wat weer kommentator was by 'n donkieresies.

'n Baie geslaagde Lentedagviering onder leiding van mejj. Retief, Heyns en Le Riche is op Dinsdagmiddag gehou. Donderdagmiddag is afgestaan vir outydse Boeresport. Onder leiding van dr. Moolman is demonstrasies gegee in allerhande minderbekende Boersportsoorte. Heelwat mededingers het deelgeneem aan die wat oop was vir kompetisie.

KONSERTE

In die aande was daar konserte en opvoerings in die stadsaal. So was daar 'n uitstekende musiekkonsert deur Gladys Hugo en Willem Eggink, uitvoerings deur die Jan Pierewietgeselskap en die Boerorkes, opvoerings van „Die Arrestasie" en „Dieper Reg," onder leiding van mej. T. Hanekom, en van „Katrina" deur die Gericke- van Wyk-Voordragskool.

Daar was verder 'n versierde optog, outydse Brulofgroep-kompetiesie en 'n kermis, wat almal wat dit bygewoon het nog lank sal onthou. Die gesig van die duisend of meer deelnemers aan volkspele op Coetzenburg verlede Maandag sal ook nie maklik vergeet word nie; om nie eens te praat van die indrukwekkende fakkeloptog en daarna die geskiedkundige Tableux onder leiding van mej. M. Z. Murray en mev. A. Dreyer nie.

Die week het werklik geëindig met 'n hoogtepunt.

**MAANDAGAAND**
om 7.30 in die C.J.V. saal.

A.N.S.-VERGADERING.
Belangrike besprekings en voorstelle.
*Toespraak: Dr. I. Perold*
oor
LEIERSKAP.

## Van ons Org. Sek.

*Van Adv. J. F. W. Haak, oud-Voorsitter van ons Studenteraad en tans Organiserende Sekretaris van die A.N.S., het die plaaslike tak van die A.N.S. die volgende boodskap ontvang:—*

**„Ek is oortuig dat die onvervalsde idealisme op Christelik-Nasionale grondslag wat die lewensnaar van die hele A.N.S. is, hierdie nuwe A.N.S.-tak op Stellenbosch tot groot dade sal inspireer. Nou sal julle in staat wees om die kernagtige optrede te openbaar wat noodsaaklik is vir vooruitgang in 'n studentegemeenskap."**

**Suikerbossie Melksalon.**
●
HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID
●
Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

**Gebroeders De Wet**
(EIENS.) BPK.
ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS
●
Offisiële agente vir al die Universiteits Kleure.
Huidige Studente wapens 7/6.
Oudstudente Wapens .. 10/6.
Kleurbaadjies gemaak na maat £4 kontant.
*Bestel dadelik, voorrade word min.*
Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.
h/v. Kerk- en Birdstraat.
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

## Die Stellenbosse Vrouens

### *Wat Hulle Doen Vir Reddingsdaad*

Geskiedenis is gemaak in die Eikestad. As hierdie geskiedenis van die eerste Reddingsdaadweek op Stellenbosch geskryf word, sal die name van die vrouens van Stellenbosch seker nie die laaste op die lys staan nie. Die mans mag nou wel volgens die leierskapbeginsel die plan van aksie optrek, dog die suksesvolle afloop is aan die organisasietalent, geesdrif en geduldige hardwerkendheid van die vrouens toe te skryf.

VERVERSINGS

Om te begin met wat ons almal die naaste aan die hart — of die maag — lê ,nl. wat daar te ete en te drinke was. Onmisbaar was mev. ds. S. Pienaar en haar kom. bestaande uit mevv. du Toit, Wiid, Yeats, Van Eck, Steyn, Walters, Roux, Van der Merwe en mej. C. Neethling as die 400 hongeriges en dorstiges om elfuur smôrens van die veld afstap na 'n paar uur se tiekiedraai. Die dames van die dorp het hul in 8 wyke en buitewyke verdeel en beurte geneem om van dag tot dag verversings op Coetzenburg te verskaf. By die kermis en basaar wat Saterdag gehou is, was 'n voltydse kafee in die Landbousaal in volle swang. Die wat daar was, sal getuig dat die koue vleis, slaaie en ander geregte vir middagete op die aantreklikste wyse opgeskik was.

TENTOONSTELLINGS

Van die tentoonstellings wat die meeste opspraak verwek het is georganiseer deur dames. So is daar die kunsuitstalling wat mev. dr. J. H. Moolman gereël het en wat vanaf die Woensdag tot die Vrydag in die Carnegiesaal gehou is. Behalwe ongeveer 200 skilderye van amateurs uit alle dele van die land, was oorspronklike geleende skilderys van 25 van ons beroemdste kunstenaars te sien, o.a. van Pierneef, Hugo Naudé, Maggie Laubscher, de Jongh.

Baie leersaam was ook die huishoudkunde-uitstalling deur mej. M. Jooste gereël vir die Woensdag en die Donderdag in die Huishoudkundesaal. Dat selfs die kookkuns vandag rekening hou met nuwe wêreldordes, blyk uit die feit dat 'n hoogtepunt op die tentoonstelling die gebruik van growwe meel was.

OUTYDSE BRUILOFTE.

Veral belangwekkend vir mense wat die simptome van lentekoors openbaar, was die outydse bruilofkompetisie. As beoordelaars het Dirk Mostert, mevv. Lourens en Dreyer opgetree. Hierdie kompetisie is deur mej. Kath Krige gereël.

Die dames van Stellenbosch is ook ingespan i.v.m. die reëling van die geskiedkundige tableaux. Mevr. Dreyer het feitlik al die kostuums self vervaardig.

PRAGTIGE OPTOG.

Op die komitee vir die versierde optogte het ook mejj. Gelderblom, Pretorius en Yeats met ywer gewerk. Die Reddingsdaad is voorgestel eerstens simbolies deur die heldedaad van Wolraad Woltemade, dan die verskillende aspekte van die Reddingsdaad op godsdienstige, opvoedkundige, natuurkundige, e.a. gebiede en ten laaste die Reddingsdaad in aksie soos dit reeds deur Afrikanerbesighede en ondernemings in werking gebring is. Die dames van Stellenbosch dra hul deel by tot die Reddingsdaad.

## A.N.S. VAN U.K. DOEN UITSPRAAK

**Die A.N.S.-tak van U. Kaapstad het Dinsdagaand op 'n ledevergadering eenparig hul afkeuring uitgespreek oor die optrede van dié seksie van die vorige A.N.S.-tak van Stellenbosch wat hul nie by die Grondwet wou neerlê nie; hulle het verder hul volle steun toegesê aan die Hoofbestuur in die beleid wat hy in hierdie saak gevolg het, en opnuut hul vertroue uitgespreek in die Erepresident van die A.N.S.**

APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

—

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

—

**Joerning en Seun**
(Eiens.) Bpk.,
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**ROUX BROERS**
(Eiens. Bpk.)
ATLAS-GEBOU, KAAPSTAD.
Volledige Mans- en Damesuitrusturs en Kleremakers.

**MATIES!**

Hier is nuus — U EIE UNIVERSITEIT SE WAPEN is nou verkrygbaar soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit en word aangebied deur
Stabilis Agentskappe en Beleggings-Maatskappy
Groote Kerkgebou 314,
Bus 1527, KAAPSTAD.
Teen die volgende pryse
£1-5-0 aan huidige studente.
£1-10-0 aan oudstudente en docente.
6/- per wapen word afgestaan vir die voorgestelde ingenieursfakulteit.
Plaasbestellings by
Dick Terblanche, p/a. mev. Woodbourne, Joubertstraat, Stellenbosch.

**VAN ZYL**

Posbus 233. Foon 791.

**DIE SPORT HUIS**

**van die**

**PAARL.**

*Raadpleeg ons vir*

MANSKLERE

asook

Enige soort Sportbenodighede wat die seun of man nodig het.

*DEUR DIENS GROEI ONS!*

**„Die Uitspan."**

Kom Span Uit en Rus, en Geniet U Verversings en Etes by

**„DIE UITSPAN."**

*Ons Personeel is tot U Diens.*

*Ons Terme is Billik.*

**VAN DER STEL FIETSWERKE**

*Eienaar: Paul Ackermann,*

Wens hiermee die Stellenboschse publiek in kennis te stel dat hy weer besig is in die ou winkel in Andringastraat, en weer sy volle aandag aan u fietsreparasies en benodighede kan gee.

***Hou Koers Reguit na—***

**PERL SE APTEEK**

CUTHBERTGEBOU,

Pleinstraat,

**STELLENBOSCH.**

**Vir al u Medisyne,**

**Toilet en Fotografiese benodighede.**

**PLAZA**

**Foon 0013.**

**Donderdag, Vrydag, Saterdag, 16, 17, 18 Oktober.**

**Middagvertoning Saterdag, om 3 uur n.m.**

*Wallace Beery*

In Sy Mees Opwindende Spel Sedert Hy „THE BAD MAN OF BRIMTONE" was.

**„20 MULE TEAM"**


## *Briewebus*

*J. F. K.*—In u brief ruk u stellings van dr. Diederichs en dr. Meyer uit verband en openbaar u 'n wanopvatting van die hele idee ten grondslag van ons artikel, wat handel oor 'n organiese geheel en nie 'n konglomerasie van losse beginsels is, soos u dit blykbaar sien nie. Die brief bied geen konstruktiewe bydrae nie en kan alleen verwarring skep.


**DIE MATIE.**

Redakteur: W. A. Joubert.
Ass.-Redakteur: P. A. Theron.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.

DEEL I. 10 OKT. 1941. No. 11.


## Die A.N.S.-Idee

Op Stellenbosch is daar in die laaste paar jaar selde soveel spontane geesdrif by vergaderings openbaar as by die stigtingsvergadering van die huidige A.N.S.-tak. 'n Meer sprekende bewys van geesdrif vir die idee, waarvoor A.N.S. nog altyd gestaan het, en die rigting wat A.N.S. in die afgelope jare ingeslaan het, kan nouliks verwag word.

En tog word daar dikwels gevra, waarom daar 'n aparte studenteorganisasie moet bestaan met dieselfde strewe as die van ons groot volksorganisasies. Die antwoord is duidelik; die studentegemeenskap van 'n land vorm 'n groep wat weliswaar dieselfde ideale koester as die res van die gemeenskap, maar wat tog tot 'n groot mate apart van die gemeenskap staan. Die studente het 'n onderlinge groepsgevoel bo en behalwe die groepsgevoel wat hulle teenoor die gemeenskap het, en besit as groep ook sekere eienskappe wat hulle onderskei van die res van die gemeenskap. Die groep is meer homogeen, aangesien dit bestaan uit jong mense van min of meer dieselfde ouderdom en met min of meer dieselfde akademiese agtergrond en belange. Juis hierom is die studente as groep meer idealisties, meer vurig en meer rewolusionêr as die res van ons gemeenskap.

By die Afrikanerstudent is daar dus 'n behoefte om 'n organisasie wat al die Afrikanerstudente sou insluit en waarin hulle die geleentheid sou kry om hulle ten volle uit te leef wat hulle kulturele, politieke en nasionale ideale betref. Vir hierdie strewe van die Afrikanerstudent was daar nie plek in die enigste studenteorganisasie van destyds nie en die A.N.S. is gestig.

**Waar A.N.S. in hierdie definitiewe behoeftes wil voorsien kan dit nie bloot 'n organisasie wees nie, maar is dit 'n beweging met dieselfde eienskappe van die studentegroep wat hierbo genoem is.**

Dit is ook om hierdie redes dat die A.N.S. in die verlede so dikwels die voortou geneem het in allerhande ondernemings van nasionale belang.

Vandag word daar orals in ons land kursusse in volkspele gehou. Hierdie behoefte is reeds jare gelede deur die A.N.S. gevoel en deur ons plaaslike tak is die Jan Pierewiet-geselskap opgerig om die volkspele deur ons land te propageer.

*Hierdie was die eerste belangrike stap in die beweging om die Afrikaner bewus te maak van die waarde van sy eie kultuur op die gebied van speletjies en gesellige verkeer.* Die plaaslike A.N.S.-tak gaan hiermee voort en sal probeer om soos in die verlede 'n toer te reël in die volgende vakansie.

Ook op nasionale gebied het die A.N.S. vorm gegee aan die ideale van die Afrikanerstudent. Dat ons huidige liberaal demokratiese regeringstelsel uitgedien is, is nie 'n idee wat onlangs posgevat het onder die studente nie, maar 'n vaste oortuiging van jare. Die A.N.S. het hom doelbewus beywer vir 'n verandering in hierdie stelsel en in sy Vryheidsmanifes baie duidelik aangetoon waarvoor ons strewe, nog voordat daar al die geskrywe en gepraat was van 'n „nuwe orde", ens. Hierdeur het die A.N.S. reeds standpunt ingeneem teenoor die uitgediende liberale idees van die regte van die indiwidu en die reg van protes — of liewers die reg van praters — waardeur die vryheid van die indiwidu beklemtoon is tenkoste van die gemeenskap.

*In teenstelling hiermee is klem gelê op die eeu oue Christelike beginsel van plig teenoor jou naaste—dus ook teenoor jou volk—en verantwoordelikheid teenoor jou volk.*

Die A.N.S. het verder gegaan en nie net by woorde gebly nie. Vanjaar is op die kongres besluit om die hele A.N.S. organisasie in te rig volgens die beginsels wat propageer word in die Vryheidsmanifes, nl. volgens die verantwoordelike leierskapbeginsel.

Hierdie strewe en beginsels van die beweging wat geesdriftig gehuldig word deur alle lede van A.N.S., sal deur die plaaslike tak met ywer propageer word, met behulp van alle middels tot hul beskikking. Hiervoor is die dienste van elke lid nodig.

**Laat ons as lede van 'n unieke studentebeweging, met 'n definitiewe doel en strewe, al ons kragte ingooi om daardie ideale verwensentlik te sien.**

## Wat Gaan Ons Doen?

Terwyl ons op Stellenbosch met mekaar twis, is ons geneig om te vergeet dat daar in ons land, en meer spesifiek aan ander Universiteite, 'n baie ernstiger stryd aan die gang is. Dit is 'n stryd wat ons nie direk voel nie, omdat ons per slot van sake nog steeds 'n homogene gemeenskap, met min of meer dieselfde ideale, is. Tog kan ons, ons nie daarvan afsydig wil hou nie — dit gaan immers omtrent die ideale wat alle nasionaalvoelende Afrikaners nog altyd huldig.

As studente is ons belangstelling in die eerste plek by die Universiteit waar die Afrikaner nog steeds moet veg vir sy bestaansreg. Waar dit vandag die geval is aan die Univ. van Kaapstad ,is dit ons plig om ons medestudente wat dieselfde beginsels huldig as ons ,daadwerklik te ondersteun.

'n Beleid van segregasie is noodsaaklik vir die voortbestaan van ons volk. Hieroor stem almal saam. Dit help egter nie om slegs ons standpunt te stel nie; dit moet daadwerklik toegepas word. Aan die Univ. van Kaapstad is wel onlangs met 'n stembus besluit dat Fort Hare nie nou al uitgenooi sal word om by N.U.S.AS. aan te sluit nie, maar daar is met 'n groot meerderheid besluit dat dit in die toekoms gedoen moet word. Wat meer is, daar is 'n seksie wat in die praktyk nou al reeds nie segregasie handhaaf nie.

Dit is egter nie al nie. „Die Spantou," die offisiële nuusblad wat die Afrikanerstandpunt gestel het, en die „Tattle" is onlangs beveel om hulle uitgawes te staak, om plek te maak vir een tweetalige nuusblad. Hierdie nuusblad sal natuurlik „rigtingloos" wees, met die gevolg dat alles behalwe die Afrikanerstandpunt daarin gestel sal word.

Hierdie gebeurtenisse aan die Universiteit van Kaapstad is 'n bewys van die gevoel, wat die meerderheid van studente teenoor die Afrikaner en sy beginsels het, en kan ons nie koud laat nie. Die standpunt van A.N.S. i.v.m. segregasie is goed bekend en dit is ook die standpunt van die groot meerderheid van ons studenteunie. Die tyd het aangebreek dat ons moet wys dat ons beginsels nie net in ons gedagtes en in ons woorde bestaan nie, maar in werklikheid, en dat ons daarvoor sal veg sonder om kompromië aan te gaan. Ons moet die Afrikaner aan die Univ. van Kaapstad met alles in ons vermoë steun in hulle stryd.

### *Uit die Vryheidsmanifes van die A.N.S.*

8. Ons optrede ten opsigte van die kleurlingvraagstuk word as volg bepaal:—

(a) Inheemse nie-blankes sal onder voogdyskap van die Staat staan. Deur middel van 'n differensiasiebeleid sal paralelle ontwikkeling volgens eie tradisionele kultuuropvattings en gelykheid deur apartheid vir hulle moontlik gemaak word.

(b) Algehele woonbuurtsegregasie sal in stedelike gebiede deurgevoer word.

(c) Repatriasie van Asiate sal aangemoedig word.

## "EX LIBRIS"

*Ds. T. N. Hanekom.*

### Bid en Werk!

Neh. 2 : 5: „En ek het die God van die hemel *gebid* en vir die koning *gesê*......"

Ons het verlede keer gesien dat Nehemia die treurige toestand van sy volk diep ter harte geneem het. Daarom sleep hy die verbroke mure en die verbrande poorte saam met hom tot binne in sy bidvertrek. Hy het gebid om die vrede van Jerusalem. Maar hy het ook gewerk. Ora et labora, bid en werk, dit was sy leuse. Daarom gaan hy, onmiddellik na sy gebed, te werk met sy planne en verkry die reg om na sy land te gaan om die mure en die poorte van Jerusalem weer op te bou. Op sy gebed volg so sy daad, en die daad was net so heilig as die gebed.

So leer Nehemia vir ons om ons gebed en ons werk, ons godsdiens en ons dagprogram nie te skeie nie. In die eerste plek staan hy teenoor die *ongeloof van die liberalisme* wat Gods gesag verwerp in die praktyk van die daaglikse lewe. Die liberalis is 'n praktiese ateïs. Hy loën nie die bestaan van God met soveel woorde nie, maar verloën Hom met sy dade. Hy *sê* nie juis dat daar geen God is nie, maar *maak* asof daar God is nie; hy leef sonder God; hy werk sonder om te bid. Hy wil ontslae wees van God as hy werk en in sy werk. Hy wil nie gehinder wees nie, selfs nie deur God nie. Hy wil vry wees om te maak soos hy wil, sê wat hy wil en doen wat hy wil. Hy is sy eie baas! Hy verklaar sy eie selfstandigheid, sy selfgenoegsaamheid en sy eie soewereiniteit tot lewensbeginsel. Hy is sy eie wet. Sy vryheid is sy reg en nie 'n roeping nie! Hy verwerp alle gesag, ook die gesag van God, as vreemde mag, 'n diktator van bô. Die vryheid is sy vriend, veral die soort wat hom toelaat om te doen wat hy wil.

Maar Nehemia bid. Hy vra na die wil van God en soek om hoër lig en hoër leiding. Hy het behoefte daaraan. Daar is 'n taak om te verrig. Hy staan onder bevel. Die vryheid is nie sy speelbal nie. Die vryheid is sy Koning! Daarom bid hy.

Maar ook werk hy. En hierin staan hy teenoor die ander soort *ongeloof*, wat net wil bid maar nooit wil werk nie. Hy weet so goed dat die godsdiens nie net vir die binnekamer bedoel is nie. Dit het ook sy boodskap vir die werker in sy dagtaak. Op elke terrein van die lewe moet God gedien word. Die predikant op sy kansel is 'n dienskneg van God. Ja, maar ook die regter op sy regbank, die klerk in sy kantoor en die straatveër met sy besem, moet wees diensknegte van die Allerhoogste. Daar is geen duimbreed van ons menselewe waarvan die Here nie met reg kan sê, dit is Syne nie. Daarom die wat glo, moet ook doen, die wat bid moet ook werk. „Nie die wat *sê*, Here, Here...... maar die wat *doen* die wil van my Vader....", so het die groot Profeet aan die mense geleer. In God is die woord en die daad één. „In die begin het God *geskep*...." (Gen. 1 : 1) en „in die begin was daar die *Woord*" (Joh. 1 : ). Voor God is so die woord en die daad saam geheiligd, en wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. So ook hoort ons gebed en ons werk bymekaar. God is 'n hoorder van die gebed en God het die daad lief!

**Rook Springbok Sigarette.**

# Onder Onsies

Nog meer oud-Maties het gedurende die afgelope week en veral Maandag, hul verskyning gemaak. Opgemerk is Mejj. Justa Kriel, Rita Pauw, Rina Hofmeyr, M. Potgieter, S. Pauw, Mnre. Amie Gonin, A. F. Faul, Willeman v. d. Merwe, Badie Badenhorst, Charlie v. d. Merwe, David de Villiers, Koch de Jager en mnr. en mev. Willem Barnard (mej. Annatjie Louw).

* * *

Mnr. Banie Barnard, Rektor van 'n Eenmanskool, het ons meegedeel dat hy eenparig besluit het om in die toekoms die sillabus van sy skool uit te brei deur volkspele in te sluit. Hyself sal as instrukteur optree.

* * *

Die oud-Monicaner, mej. Mariechen van Rhyn, van Bloemfontein, het haar verloof aan mnr. Thys Naudé, ook van Bloemfontein.

* * *

Ook die verlowing van mej. Philna van Rooyen, tans studente aan die Mediese Fakulteit van Wits, en mnr. Pieter Fischer van „Klein Bottelary, is bekend gemaak.

* * *

Mnr. Hubert du Plessis wat gedurende die afgelope weke vir 'n mangeloperasie in die hospitaal verkeer het is weer terug in die tuig.

* * *

Vanaand (Vrydagaand) kry almal weereens die kans om die puik opvoering van „Die Dieper Reg" onder regie van mej. Twinkle Hanekom, te gaan sien. Dit vorm deel van die verrigtinge i.v.m. die viering van Heldedag. Almal wat die geleentheid gehad het om dit gedurende die Reddingsdaadweek te sien, sal dit nie lig vergeet nie.

* * *

Gedurende die vakansie het mej. Elise Coetzee van Harmonie, haar mondigwording gesellig gevier in „Wattles." 'n Groot aantal vriendinne was teenwoordig o.a. mejj. M. en A. Badenhorst, T. Smuts, B. Retief, S. Alheit en mnr. Frikkie de Jager.

* * *

Tans word in die Carnegiesaal, onder toesig van die bibliotekaris, mnr. George Marais, 'n besonder interessante uitstalling gehou van Afrikaanse geskiedkundige en letterkundige dokumente, boeke, geskrifte, prente en so meer. Dit is alles die besittings van die universiteitsbiblioteek. Die uitstalling bly oop vir die publiek tot Saterdag, 11 Oktober.

Vanaf Dinsdag, 14 Oktober, word in dieselfde lokaal skilderwerke uitgestal van die Hollands-Ierse dame, mev. Dysart Sloss van Muizenberg.

## JOERNALISTE

Die redaksie nooi die verskillende wyke (of sê maar voorstede) van ons stad uit om elk 'n onoffisiële „persman" (of dame!) te kies. So iemand moet behae daarin skep om die nuus van die voorstad te versorg m.a.w. hy (of sy) moet 'n nuusneus hê en dit aantreklik opstel. Daar vind so baie wetenswaardighede plaas in Dorpstraat wat Universiteitsoord graag sou wou weet, of in Dagbreek wat Mostersdrift sou kielie. Nouja, die kweekskool het reeds begin en ons hoop om binnekort die name van die verteenwoordigers te plaas sodat almal wat daar woon kan weet wie se aandag hulle op enige gebeure kan vestig.

Ons gee aan die hand dat in elk van die groot losieshuise 'n verteenwoordiger sal wees. Verder een elk vir die volgende: Mostertsdrift, Dorpstraat, Sentraal, met C.S.V. gebou as middelpunt, Universiteitsoord, Die Braak, Pappegaaisberg en Die Park!

# SATERDAG, 18 OKTOBER!

## Die Stellenbosse Tennistoernooi

### *Winste aan Saalfonds*

*Op Saterdag, 18 Okt., vind Stellenbosch se groot jaarlikse Tennistoernooi plaas.*

By hierdie geleentheid kom Matie en oud-Matie, en trouens elkeen wat 'n raket enigsins kan hanteer, aan 'n sportbyeenkoms deelneem wat reeds die afgelope 20 jaar bekend staan as een van die geselligste en interessantste van die aard.

Die toernooi verdien ook al die ondersteuning van elke Matie wat 'n tennisspaan kan hanteer, omdat dit 'n onderneming is van die Vrouekomitee van die Universiteit, wat in die verlede die oprigting van die Huishoudkundegebou moontlik gemaak het deur op dergelike wyse £10,000 in te samel, en verder 'n fonds opgebou het vir studiebeurse vir Stellenbosse studente; *en veral verdien dit ons ondersteuning omdat die Vrouekomitee onder voorsitterskap van mev. dr. G. C. Nel besluit het om vanjaar se winste te stort in 'n fonds vir 'n studentesaal.* So is die Komitee van plan om voortaan alle wins bô £100 in die saalfonds te stort. (Die £100 gaan na die beursfonds van die Komitee).

Hierdie skitterende werk verdien werklik die ondersteuning van die student—ook van die nie-spelers, wat die kafees by Dagbreek en Wilgenhof kan besoek om verversings (en musiek!) te geniet. (Daar is 'n gerug dat die dames vanjaar moet skiet!).

Hierdie afdeling van die Toernooi word deur die Vrouekomitee behartig. Die komitee wat belas is met die organisasie op die bane bestaan uit dr. Steenkamp, prof. W. Pretorius, mnr. George Marais en dr. P. S. du Toit.

Inskrywing geskied by Darter's, of by die sekretaris, mnr. George Marais (Biblioteek). Die fooie is: Studente 2/6; Publiek 3/6. Daar word 16 pryse uitgeloof, waaronder vier eersteklas rakette.

## DAMESTENNIS

Die 1ste span het ongelukkig verlede jaar twee van hul beste speelsters verloor, nl. Rina Wessels en Elsa Brink. Rina was tweede enkelspeelster. Elsa Brink het saam met Anna Venter dubbels gespeel, en was ook sekretaresse van die klub.

Van die span wat oorgebly het, is daar Barlo Retief, Louise Pauw, Anna Venter en Ina Michau. Ongelukkig hinder Barlo se knie haar weer op die oomblik; nogtans hoop ons vir die beste, want sy is een van ons staatmakers.

### EERSTESPAN.

Die 1ste span is nog nie definitief vasgestel vir hierdie jaar nie, maar daar is 'n paar goeie speelsters wat aanspraak maak, soos Isolde Nel en Naties Steyn.

Ongelukkig het dit nog nie moontlik geword om in te skryf vir die Stad se Kompetisies nie — sover word daar nog net aan die Plattelandse kompetisies deelgeneem.

Ons het nou wel nie verlede jaar daarin geslaag om te wen nie, maar nogtans was elke wedstryd wat gespeel is, 'n taai geveg, wat afgehang het van 'n beslissende stel.

### TWEEDESPAN.

Die 2de span het ook nie te goed gevaar nie, maar hulle neerlae kan grotendeels toegeskryf word aan die trae bywoning van oefeninge.

Ons hoop dat daar hierdie jaar 'n definitiewe verbetering sal wees, en dat die 2de span, asook die 1ste, al hulle wedstryde gaan wen.

## Junior Redenaarskompetisie

Die redenaarskompetisie van die Juniorgroep word gehou op Saterdagaand, 11 Oktober, om 7.30 in die Huishoudkundesaal. Die onderwerpe met die sprekers is as volg:

(1) „Verhoudinge tussen mans en dames is ongesond op Stellenbosch," ingelei deur mej. B. Gericke en teengestaan deur mnr. S. P. Botha.

(23 „Dit is wenslik dat die regering die boere subsideer," inleidster: mej. N. Grobbelaar, en mnr. P. F. van Niekerk, teenstander.

(3) „Nasionalisme werk remmend op die Christendom," inleier: mnr. Gerjo v. d. Merwe, teenstander: mnr. W. B. de Villiers.

Beoordelaars:

## Plateprogram vir Sondagaand, 12 Okt., 8.30 n.m.

Simfonie No. 9 in C. groottert s — Schubert

Alhoewel Franz Schubert vir die meeste mense bekend is as 'n groot liederkomponis, word sy belangrikheid as komponis van instrumentele musiek dikwels onderskat. Ten spyte van sy kort lewe van 31 jaar (1797 tot 1828) het Schubert naas sy menigte liedere, operas, misse, kantates, konsertmusiek en klavierwerke ook nog nege simfonieë agtergelaat. Die bekendste hiervan is die agste, of „Onvoltooide." Minder bekend, maar nie minder aangrypend, is die neënde, in C grotterts.

Hierdie simfonie word algemeen beskou as Schubert se meesterstuk op die gebied van simfoniese musiek. Sy ongeëwenaarde gawe vir die skepping van lieflike melodieë, tesame met die perfekte orkestrasie, maak hierdie komposisie 'n meesterstuk wat gelykstaan met die beste wat Beethoven gelewer het.

Veral in die „finale" van die Simfonie bereik Schubert 'n hoogtepunt in sy loopbaan. Die eenvoudige, ritmiese tema—vier gerepeteerde note — wat die kern vorm van hierdie deel van die werk word eers saggies, amper huiwerig, deur die blaashorings aangekondig, maar dit groei stadigaan in krag totdat die volle orkes dit met alle mag uitdreun. Nie vir één oomblik is daar verslapping in die spanning nie — die die musiek vloei voort soos 'n onkeerbare stroom wat alles met hom meevoer. Schubert het hierdie werk gedurende die laaste ses maande van sy lewe gekomponeer. Hy het dit nooit self gehoor nie. Na sy dood is dit saam met 'n hoeveelheid ander musiek vir 'n nietige som geld verkoop. Schumann het die werk later ontdek tussen 'n hoop verwaarloosde musiek, en was verantwoordelik vir die eerste uitvoering daarvan in 1839.

## Dringende Oproep om Grootmoedigheid

*Op Juniordag het 'n beeld van Oom Paul uit Huis-de-Villiers verdwyn. Daar dit 'n baie kosbare besitting is van mev. Dreyer, sal sy dit hoog op prys stel as dit weer teruggebring word.*

**Hendrikz BROERS**

Die Slagters wat Stellenbosch van VLEIS voorsien.
ONDERSTEUN HULLE.

Onthou—
ANDRINGASTRAAT.

*Van Produsent aan die Verbruikers.*

**FORRER BROERS**
**360 Hoofstraat, NOODER PAARL.**

*Vra om ons Pryslys.*
*Bestellings na alle dele van die Unie.*
**Wyne, Brandewyne en Likeurs**
*Bestel by ons vir u volgende huisfunksie, dans of partytjie*

*Matie — Kersfees — KAARTJIES*

Met die NUWE Universiteits Wapen in 5 Kleure

*4 Verskillende bewoordings van*
Prof. E. C. Pienaar,
Prof. F. E. J. Malherbe,
Mnr. Ernst van Heerden

BINNEKORT VERKRYGBAAR
Teen 4/6 per dos.

*PLAAS U BESTELLING NOU.*

**C.S.V-Boekhandel, Pleinstraat, Stellenbosch.**

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.

Laat
**J. B. COETZEE**
u volgende pak klere maak.

AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.

*Andringastraat.*

**Rook Springbok Sigarette.**

# Op Ons Sportvelde.

## Ons Krieketspan op Toer

Nadat ons krieketspan hulle in die eerste drie wedstryde van die toer goed van hulle taak gekwyt het, het hulle in die laaste twee wedstryde minder sukses gehad. In die eerste wedstryd het hulle 'n krieketspan van Port Elizabeth met 201 teen 146 lopies geklop. Hierna het hulle Kingswood geklop met 117 lopies teen 89 en het hulle 134 lopies aangeteken teenoor 126 van St. Andrews. In die volgende wedstryd, teen Rhodes, het Lemay en Schleiss onder ons manne se paaltjies gemaai en was hulle almal uit vir 68 lopies. As gevolg van goeie kolfwerk van Lemay en Gathorne ,wat 49 en 61 onderskeidelik aangeteken het, het die tuisspan die telling van 200 lopies behaal. Met die laaste wedstryd van die toer moes die Maties weereens die onderspit delf en is hulle geklop met 114 lopies teenoor 145.

KAPTEIN BLINK UIT.

Hofmeyer, die Maties se kaptein, het die meeste sukses met die kolf behaal. In die drie wedstryde wat hy gekolf het het hy 127 lopies aangeteken. Sy hoogste telling van 77 lopies het hy teen Kongswood behaal. Ander uitstaande kolwers was Roux, Söhnge en Morkel wat 61, 45 en 42 lopies respektieflik aangeteken het in verskillende wedstryde.

Die boulers wat op die toer die meeste sukses behaal het is Theron en J. Louw. Theron het in vier wedstryde 17 paaltjies ingeoes. Sy beste vertoning was in die wedstryd teen Rhodes waar hy 7 paaltjies vir 76 lopies platgetrek het. J. Louw het 16 paaltjies ingesamel.

Alhoewel die kolfwerk, met 'n paar uitsonderings, teleurstellend was het die Matie-spelers hulle goed van hulle taak gekwyt.

## Matie-Matmanne Vertoon Goed

Die Stoeiklub het verlede kwartaal afgesluit met 'n wedstryd teen die Spes. Diensbataljon te Pollsmoor op 25 Sept. Die uitslag was gelykop met drie gevegte elk. Die S.D.B. het wel nog twee ander gevegte gewen ,maar aangesien hul deelnemers in albei gevegte 15 lbs swaarder was as ons manne was dit onoffisiële gevegte. Kenmerkend van al die wedstryde was die vuur waarmee die manne gestoei het. Hulle kêrels glo aan aanval en ons manne het ook nie op hulle laat wag nie.

MOOI OORWINNINGS

Die volgende Stellenbossers het gewen; A. C. Greeff, J. Boonzaaier en F. J. Brand. Boonzaaier het met sy ou vernuf en spoed gestoei en was dan ook sy moedige teenstander totaal oor wat kennis en vernuf betref. F. J. Brand het uitstekend gedoen om met 2 valle teen 0 in 2 rondtes te wen. Die geveg tussen A. C. Greeff, die W.P. ligswaarkampioen, en sers. Stewart was seker die interessantste stoeigeveg wat nog vanjaar plaasgevind het. Hier was dit jeug teen ervaring. Greeff se teenstander was presies drie keer so oud as hyself (51 teen 17). Stewart, wat 11 jaar agtereenvolgens S.-A. amateur-kampioen was en daarna verskeie jare lank 'n professionele stoeier, is 'n sprekende bewys van die opbouende en gesonde aard van die stoeisport. Op 51-jarige leeftyd is hy baie naelskraap op punte geklop deur 'n huidige W.P.-kampioen.

Veelbetekenend is 'n uitlating van hierdie ou strydros wat nou optree as afrigter van die S.D.B. Toe aan hom gevra is of hy sy stoeiers ook „All-in" stoei leer het hy gesê dat hy nie sy seuns se tyd met kaf mors nie.

PROGRAM

Die stoeiklub gaan sy bedrywighede hierdie kwartaal voortsit. Op die 15de en 16de Okt. vind hul kampioenskappe plaas, en op 18 Okt. stoei hul teen Y.M.C.A. en op 25 Okt. teen Pollsmoor. Daar die oefeninge vanaf aanstaande week in die laat-namiddag gehou sal word, sal dit nie juis op die werk inbreuk maak nie.

## Manstennis

### Vooruitsigte Vir Die Seisoen

Môre begin die Tennisklub met sy wedstryde in die stedelike liga. Soos verlede jaar het die klub weer drie spanne ingeskryf, en wel vanjaar in die Groot Uitdaag-, die Reserwe Uitdaag- (waarheen die tweede span verhoging gekry het), en die Thurstonkompetisies.

EERSTESPAN

Die Eerstespan het swaar verliese gely met die vertrek van Kowie du Toit, Jannie de Villiers, Athol Rörich, Douggie Holtzhausen, en Shortie Naude (wat sulke goeie spel gelewer het in die Wilcocksbekerkompetisie). Die drie staatmakers wat oorbly is Muller, Maartens en Joubert; verder sal die dubbelpare van voor af opgebou moet word. Gelukkig beskik die klub oor 'n groot aantal belowende spelers in manne soos Chris. Lombaard, Pallie Burger, H. Steyn, H. Pretorius, John Steytler, S. du Toit en 'n hele aantal ander wat met die nodige ondervinding nog veel sal verbeter, en die vooruitsigte skyn ten minste net so goed te wees as verlede jaar, toe die Eerstespan besonder goed gevaar het.

Die enkelspelers (die spanne bestaan uit twee enkel- en vier dubbelspelers) behoort vanjaar heeltemal goed te vaar. Christof Muller speel die afgelope jaar beter as ooit en behoort sy man te kan staan teen die meeste spelers van die Kaap. Die eerste drie spelers, Maartens, Muller en Joubert, se spel is so gelyk dat dit werklik jammer is dat daar net twee enkelspelers in 'n span is. Joubert vind dit vanjaar moeilik om die nodige aandag aan sy tennis te gees, maar behoort met die nodige ondersteuning goed te vaar in die dubbels.

DAAN MAARTENS

Dit is werklik verblydend om te sien dat Daan Maartens weer die ou vorm terugvind wat hom twee jaar gelede so 'n gevaarlike speler gemaak het. *Hy verbeter nog steeds en staan 'n goeie kans om vanjaar weer die voorste rang van W.P.-tennis te bereik. Maartens is heel waarskynlik die mees belowende speler wat Stellenbosch in jare opgelewer het en sal nog vér gaan as hy 'n paar kleiner tekortkomings in sy spel kan oormeester.*

Van die ander spelers is Lombaard 'n baie belowende dubbelspeler. Sy afslaan en algemene kennis van dubbelspel is werklik goed, maar hy sal hom daarop moet toelê om meer konstant te speel.

Burger en Steyn is goeie enkelspelers, netsoos Hannes Pretorius en Sas du Toit, maar hulle sal nog baie moet leer om werklik te presteer in dubbels. Veral is hulle nog glad te stadig in hul bewegings op die baan om by eersterange spelers te kan kers vashou.

John Steytler het van almal seker die meeste vordering gemaak die afgelope jaar, en is seer seker 'n baie belowende jong speler. Hy maak sterk aanspraak op 'n plek in die Eerstespan.

DIE KAPTEIN SE MENING.

„Met verbeterde enkelspelers en 'n groot aantal jongere spelers wat gretig is om te leer, behoort die Eerstespan, en die Klub as geheel, goed te vaar vanjaar," het mnr. Christof Muller, Kaptein van die Tennisklub, in 'n onderhoud verklaar. „Die jaar tot dusver was reeds 'n baie suksesvolle. Nie alleen het ons in die Gemengde Intervarsity die Ikeys uitoorlê nie, maar ons het verder daarin geslaag om Wits, U.K. en Rhodes in die Tussen-universitêre Toernooi om die Wilcocksbeker te oormeester, en slegs een punt agter 'n baie sterk Pretoria-span te eindig. *„Of U.S. verlede jaar se vertoning in die Groot Uitdaagkompetisie — die beste vir verskeie jare — gaan herhaal of oortref, hang hoofsaaklik af hoe gou die bes moontlike dubbels-kombinasies saamgestel en geoefen kan word.*

MOEILIKHEDE.

„Vir ons tennis geld as 'n ernstige belemmering die feit dat U.S., weens die somervakansie, alleen in die eerste ronde van die eerste helfte van die Tennisseisoen ondervinding kan opdoen in ligawedstrydspel. Die gevolg is dat ons beste spelers feitlik uitsluitlik op mekaar se spel aangewese is om die speelpeil op Stellenbosch in stand te hou of te verbeter. Vanjaar word daar egter 'n poging aangewend om hierdie leemte te verhelp deur die inskrywing van gekombineerde Universiteitsspanne.

BANE BAIE SWAK.

„Maar die ernstigste belemmerende faktor in die verhoging van die speelpeil van Universiteitsverteenwoordigende spelers, moet ongetwyfeld in die speeltoestande gesoek word. Terwyl U.S. beskik oor vyf keer soveel bane as die gemiddelde eersterangse stedelike klub, is daar vanjaar nie een enkele baan wat voldoen aan die standaard wat deur die stedelike bane gestel word nie. Om hierdie rede moes vir die Tusseuniversitêre Toernooi die bane van die Stellenbosse Dorpsklub verkry word. Die gevolg van hierdie speeltoestande is dat aan die een kant die gemiddelde speelpeil goed bokant dié van die gemiddelde tennisklub is, maar aan die ander kant dat dit vir Universiteitsspanspelers onmoontlik gemaak word om in verteenwoordigende tennis werklik te presteer.

„By die spelers ontbreek dit egter nie aan gesdrif nie, en ons sien gretig uit na die eerste wedstryd teen Orangoa, 'n botsing wat elke jaar deur 'n besondere taaiheid gekenmerk word."

Stadler en Ko.,
(Eiens.) Bpk.

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware
Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir
OLIVER PLOEË.

HALDENWANG!

Bak heerlike koek, tert, brood, bolletjies, pasteie en alles wat smaaklik is.

*Besoek ons winkel in*
PLEINSTRAAT.

DIE
STELLENBOSSE
STOOMWASSERY

Stuur ons jul Stywe Hemde, Boordjies en Wit Broeke

Tevredenheid Gewaarborg.

*Dringende Bestellings word dieselfde dag uitgevoer en afgelewer.*

Kragstasie | Foon 338 | Merrimanlaan.

DIE
PÊRELSE
STOOMWASSERY

Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar: Mnr. W. Marsh.